

7 Januarie

Filippense 4:8

Meer werd as jou handtekening

Edelheid van karakter is 'n taal wat blindes kan sien en dowes kan hoor. Hierdie gevleuelde woorde beklemtoon die waarheid dat integriteit en geloofwaardigheid van die kosbaarste inskrywings op 'n mens se CV is. Niks is so ondermynend vir die kwaliteit van jou menswees as wanneer jou geloofwaardigheid onder verdenking is of nie aanvaar word nie. Daarom is jou geloofwaardigheid meer werd as jou handtekening. Jy hoef trouens nie eers te kan skryf nie.

Die grootste bydraer en vormer tot 'n mens se integriteit is natuurlik jyself. Dit word gevorm en gekoester deur wie en wat jy is. Dit is nie 'n losstaande artikel of item wat jy soms opneem en soms maar weer kan neersit (soos jou tas) nie. Jy kan dit ook nie kunsmatig aanleer, huur of koop nie. Geloofwaardigheid is nie iets van jou nie; dit is jyself! Dit is 'n leefwyse. Die sleutel daartoe is die wyse raad wat dwarsdeur die Bybel verweef lê en saamgevat word in die woorde van Paulus: *"Alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is - watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees - daarop moet julle julle gedagtes rig."* As jou integriteit die prooi van verdagmakery geword het, is dit 'n verskriklike ervaring. Die beste raad is om dit 'dood' te leef. Die verdagmaker se lot is egter veel erger, want hy maak hom aan 'n baie ernstige oortreding skuldig - hy lê waarskynlik valse getuienis oor sy medemens af. Hy veroordeel onverhoord en verlei en besmet ander mense tot dieselfde gruweldaad. Die Woord van God leer dat sulke optredes die werk van die duiwel self is (Joh. 8:44).

Daarom, weeg en oorweeg jou gedagtes en uitsprake oor ander mense. Weeg dit veral voor God. En onthou die gewetensvraag: *"Maar jy, wie is jy om regter te speel oor jou naaste?"* (Jak 4:12).

Dr. P.W. Bingle (Kaapstad)